# 9. SLOTBESKOUING

## 9.1 SAMEVATTING

Die ontplooiing van die onderwys vir blankes in die Vry= heidse distrik kan ten beste beoordeel word teen die agtergrond van die verskillende beleidsrigtings wat dit beheer het. Hiervolgens kan die onderwysontwikkeling ingedeel word in die volgende periodes: onderwys in die Nieuwe Republiek, onderwys in die Z.A.R., onderwys in die kolonie Natal en onderwys tydens die Uniale en Republikeinse regeringstydperke.

### 9.1.1 Onderwys in die Nieuwe Republiek, 1884-1886

Onderwys in die Nieuwe Republiek is sterk beïnvloed deur onderwyswetgewings in die Z.A.R. Dit is verstaanbaar weens die feit dat die meeste intrekkers in die Nieuwe Republiek uit die Z.A.R. afkomstig was.

Van werklike georganiseerde onderwys was daar nie sprake nie aangesien die Volksraad slegs voorsien het in die behoeftes van 'n dorpskool. In die distrik self was die onderwys vir kinders aan die ouers oorgelaat.

Onderwys tuis was gerig op 'n basiese leesvaardigheid en kennis van "Die Bybel" met die oog op katkisasie en eventueel belydenisaflegging van geloof.

Die bestaan van die Nieuwe Republiek was só kortstondig dat daar nie 'n werklike onderwysbeleid kon uitkristalli= seer nie.

### 9.1.2 Onderwys in die Z.A.R., 1887-1902

Hierdie tydperk kan met reg ook getipeer word as die bloeitydperk in die onderwysverlede van die Vryheidse distrik. Onder invloed van S.J. du Toit en N. Mansvelt is daadwerklik probeer om onderwys na die kind te bring, tot op die mees verafgeleë plaas. Nie minder nie as 42 skole is dan ook gedurende hierdie tyd in die Vryheid=se distrik geopen.

In die Z.A.R. was daar gedurende hierdie tydperk 'n werkli=ke strewe by die mense om hulle onafhanklikheid en iden=titeit te behou en te bewaar teen die toenemende Britse aanslag. Saam hiermee is aan die ouers 'n groot mate van inspraak in skoolaangeleenthede verleen. Hierdie twee faktore moes stimulerend ingewerk het op die onder=wysontwikkeling van die Z.A.R.

Die bloei en ontwikkeling op onderwysgebied in die Z.A.R. is met die uitbreek van die Anglo-Boere-oorlog in 1899 beëindig.

### 9.1.3 Onderwys tydens die koloniale tydperk in Natal, 1903-1910

Hierdie tydperk is gekenmerk deur werklike kommunikasie=probleme tussen die Engelse regeerders in Natal en die Afrikaanssprekende bevolking van Noord-Natal. Die bekend=stelling van 'n vreemde onderwysbeleid met Engels as medium van onderrig, die gebrek aan ouerseggenskap in skole en 'n gebrek aan finansiële ondersteuning in distrikskole het die onderwysontwikkeling van dié gebied baie geskaad.

Vanaf 1907 volg groter begrip vir die behoeftes van die

Afrikaner in die noordelike gebiede asook 'n werklike poging deur die Natalse onderwysowerheid om hulle te betrek en te akkommodeer.

### 9.1.4 Die tydperk vanaf Uniewording, 1910-1975

Hoewel die Uniegrondwet primêre en sekondêre onderwys in die hande van die provinsies gelaat het, moes die Natalse onderwysowerheid rekening hou met breër landsbe= lange. As uitvloeisel hiervan volg die bekendstelling van Afrikaans i.p.v. Hollands as medium van onderrig vanaf 1920 in Natalse skole. Vanaf 1933 volg die daad= werklike implementering van meer beroepsgerigte onderwys en val die klem op Handelsvakke en Landbou.

Ten spyte van nasionale en internasionale onrus op poli= tieke gebied, soos die Eerste en Tweede Wêreldoorlog en die verandering van regerings, word die tydperk geken= merk deur 'n ernstige poging van die Natalse Onderwysower= heid om tred te hou met die opvoeding van die kind binne sy totaliteit. Die bewindsaanvaarding van die Nasionale Partyregering in 1948 laat die klem verskuif van dubbel= mediumskole na moedertaalmediumskole. 'n Uitvloeisel hiervan was die opening van die Afrikaansmedium Hoërskool Pionier op Vryheid in 1975.

Op 31 Mei 1961 het Suid-Afrika 'n republiek geword. In 1967 is van regeringsweë probeer om deur wetgewing groter beheer te verkry oor onderwysaangeleenthede soos eenvor= mige sillabusse, diensvoorwaardes en salarisse. Die stelsel van gedifferensieerde onderwys is ook in die Vryheidse hoërskool ingevoer.

Doelmatige onderwys word tans aan alle blanke skoolgaan= de kinders in die Vryheidse distrik gegee.